19 Mei

Uitgawe 2010/05/19

Global Prayer Alert

'n Weeklikse gebedsgids vir gemeentes, gebedsgroepe en 24-uur gebedswagte.
Vir meer inligting rondom gebed, besoek die webruimtes: www.jwipn.com of www.global24-7.org

Herlewing

Johannes het wel met water gedoop, maar julle sal met die Heilige Gees gedoop word nie lank ná hierdie dae nie. Julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees... (**Hand.1:5,8**). Gedurende hierdie tyd is daar baie gemeentes wat die uitstorting van die Heilige Gees herdenk. Kom ons vra die Here wanneer ons aan hierdie dienste deelneem om die vuur in ons harte opnuut aan te steek sodat ons getuies vir Hom kan wees in hierdie donker wêreld. ***Hemelse Vader, dankie dat U die Heilge Gees gestuur het om ons Helper en Trooster te wees. Gees van God, kom maak 'n passie in ons wakker vir die naam van God.***

Deurbraak : Bereik die bure (Turkye)

Vir drie jaar bly 'n jong gelowige gesin in 'n gebou waar die een ouer paartjie hulle nie gegroet het nie. Een dag het die jong gelowiges se twee-jarige seuntjie die ouer man genader en sy hand gesoen, die tradisionele manier om respek aan ouer persone te bewys. Hierdie eenvoudige gebaar het alles verander: die ouer man was oorweldig met emosie, en met trane in sy oë het hy die jonger gesin genooi vir tee. Die ouer man het vir hulle die storie vertel van hoe 'n koei hom in die mond geskop het toe hy dit wou offer. Hy het sy tande verloor en was vir twee dae in die hospitaal. Hy het gewonder of die offer wat hy aan God bring hom ook in die mond sou skop en het sedertdien die Bybel begin lees en baie vrae gevra. (E-pos: info@usa.om.org, 05/05/10). ***Bid vir die sendelinge in Turkye. Bid vir geleenthede soos hierdie waar die sendelinge 'n impak kan maak op die plaaslike mense. Bid vir die verhouding van die spesifieke paartjie en hul bure – bid dat hulle die volheid van die Koninkryk van God met die plaaslike mense sal deel.***

Bid vir jou gemeenskap : gesagspersone

As die regverdiges talryk word, is die volk bly; maar as die goddelose heers, sug die volk.(**Spr.29:2**). Wat is die toestand van jou gemeenskap? Is daar gevalle van geweld, korrupsie, ongoddelikheid, ens.? Wat is die toestand van jou familie? Neem die hoof van die huis die plek van gesag in voor God? ***Bid vir persone van gesag in u gemeenskap – burgemeesters, regters, skoolhoofde, getroude mans, ens. Bid vir die seën van God op families, gemeenskappe, skole, ens. soos die persone van gesag hul plek voor God opneem.***

Suid-Afrika : Wêreldbiddag

Die *Global Day of Prayer* wat sal plaasvind op 23 Mei 2010 is uniek op die Christelike kalender, volgens die Oosterse Ortodokse tradisie *"Kneeling Day"* en in die Westerse tradisie bekend as Pinkster Sondag, vind plaas op dieselfde dag. Die 10de viering van die *GDOP* (*Global Day of Prayer*) is betekenisvol in die sin dat honderde miljoene Christene wêreldwyd op een dag sal kniel op 'n dag van belydenis en eenvormige gebed voor God, en die Here vertrou dat die heerlikheid van God die aarde sal bedek (**Hab.2:14**). Tot nou het 215 lande en meer as 400 dorpe/stede/dorpsgemeenskappe in SA geregistreer vir *GDOP* die jaar. Met die wêreldbeker wat om die draai is en honderde duisende besoekers, is dit nodig om die land te vul met geesvervulde, afwagtende gebede. (E-pos: info@gdop-sa.com, 11/05/10). ***Bid dat elke persoon wat aan hierdie inisiatief gaan deelneem God opnuut sal ontmoet en 'n dieper kennis van God sal hê. Bid vir elke persoon wat by die GDOP kantoor werk – bid vir hul fisiese gesondheid, beskerming van hul geliefdes en hul besittings, ens. Bid dat meer dorpe in Suid-Afrika sal opstaan en saam met die res van die wêreld sal bid vir die vervulling van God se doel op die aarde.***

Internasionaal : Brasilië

In Brasilië word baie kinders mishandel en geforseer om te bedel, steel, met dwelms te handel en om prostitute te word. 'n Groot aantal van die kinders word aan prostitusie blootgestel deur familielede wat veronderstel is om hulle te beskerm en vir hul om te gee. (E-pos: pray@viva.org, 10/05/10). ***Bid vir die kinders van Brasilië, dat God die kinders sal red wat alreeds blootgestel is aan mishandeling en ander kinders wat moontlik ook mishandel sal word. Bid dat God die kinders sal genees wat fisies, verstandelik en geestelik seergekry het. Prys die Here vir projekte soos ESTHERS Children, wat omgee vir dogters wat mishandel is en vir prostitusie verkoop is. Bid dat God hierdie bediening en ander soortgelyk sal seën, en dat seuns en dogters betrokke by sulke projekte God se liefde sal ken en ook Sy krag om hul te genees sal ervaar. Bid vir die regering van Brasilië. Bid dat hulle goedgesind sal wees teenoor die mense wat ly en dat hulle maniere sal soek om verandering te bring vir die kinders wat ly.***

Hierdie gebedskalender is 'n inisiatief van Jerigo Mure Gebedsnetwerk en word moontlik gemaak deur u getroue ondersteuning. Kontak: watch@jwipn.com